

## 'n Ster uit Jakob en 'n septer uit Israel

### Num 24:15-25

19 September 2021

1. Num 23-24: In eerste drie uitsprake konfronteer die Here Bileam en Balak met die beloftes van die Abrahamverbond wat reeds besig is om in vervulling te gaan
2. Vierde uitspraak van Bileam (Num 24:15-19)
  - a. sien iemand wat kom – 'n ster uit Jakob en 'n septer uit Israel
    - i. Ster – verwys na koning (Jes 14:12-13, Op 22:16)
    - ii. Septer – verwys na koning (Gen 49:10, Ps 45:7)
  - b. Die koning sal Moab en Edom vernietig, maar Israel sal sterker word
3. Vyfde, sesde en sewende uitsprake van Bileam (Num 24:20-25)
  - a. Amalekiete sal vernietig word – vyand van Israel in Sinai skiereiland (Eks 17:8-16)
  - b. Keniete sal vernietig word deur die Assiriërs – tipies was hulle Israel goedgesind (Rig 1:16)
  - c. Kittiërs (Siprus, Filistyne?) sal Assiriërs vernietig, en word dan vernietig
4. Wie is die komende koning van wie Bileam getuig?
  - a. Vlg tweede en derde uitsprake was die Here hulle koning (Num 23:21, 24:7), en tog is daar nou 'n komende koning
  - b. Saul verslaan Amalekiete, spaar Agag se lewe, die Here verwerp hom (1 Sam 15:8-9)
  - c. Dawid verslaan Amalekiete (1 Sam 30:17), en baie ander volke (2 Sam 8:11-14) – komende koning is dus Dawid
  - d. Komende Koning wys ook na Jesus:
    - i. OT profesieë oor baie volke selfs na Dawid (Amos 1:6-8, 11-12, 2:1-3)
    - ii. In die toekoms (NAV) = aan die einde van die dae (OAV) = in the latter days (ESV) (Num 24:14)
    - iii. Messiaanse psalms: Ps 2:1-3, 6, 9; Ps 45:4-8, Ps 110:1-7
    - iv. Jesus heers as Koning totdat alle vyande onderwerp is (1 Kor 15:25)
    - v. Konings span saam teen die Ruiters op die wit perd (Op 19:19)
5. Wat is die boodskap aan Balak, en Bileam?
  - a. Die Here is nie manipuleerbaar nie, Hy regeer volgens Sy raadsplan en verbondsbeloftes – hulle moet die implikasies besef
6. Wat is die boodskap aan ons?
  - a. Soortgelyk as aan Balak en Bileam
  - b. Voorbereiding vir wentelpunt in OT geskiedenis: Fokus skuif na rol van die Koning
  - c. Die Here was reeds Koning, stuur Jesus as die ster en septer Koning, en is ook God
7. Hoekom kom groot uitsprake deur twyfelagtige Bileam aan ongelowige Balak?
  - a. Die Here het so besluit in Sy wysheid
  - b. Al die eer kom die Here toe, nie Bileam nie
  - c. Die Here konfronteer ook twyfelagtiges en ongelowiges
  - d. Alle mense is deel van die Here se raadsplan – met een van twee eindbestemmings